



TOULEIER

Die vreemde aspekte van lyftaal



Sit ek nou die dag by die werk en ondervind ek weer daardie eienaardige ander aspek van lyftaal. Die reaksionêre sytak noem ek dit. Wanneer 'n mens eers onbewus reageer op 'n ander persoon se lyftaal en dan bewus word van jou reaksie. 'n Hele speletjie, 'n hele petalje. Nou wonder ek of ander dit ook oorkom?

Die ding werk so: Daar is mos die gewone wetenskap van lyftaal waar, as 'n mens byvoorbeeld in 'n gesprek sit met jou arms gevou, dit beteken dat jy nie saamstem met dit wat gesê word nie. 'n Mens kan jou ook nie altyd steur aan die goed nie, want baie keer sit ek naby die lugreëlaar en kry ek eenvoudig net koud, en sit arms gevou al stem ek saam met die argument van die dag.

Wat my egter uitboul is die voorafgenoemde *reaksie-lyftaal* soos ek dit noem. Ek kom dit ook net met sekere mense oor.

Vat nou maar een van my base. Hy kom sit gereeld in my kantoor en gesels en leun agteroor in die stoel en sit dan sy hande agter sy kop. Ná 'n rukkie kom ek agter ek sit ook so.

Nou begin ek wonder of hy my na-aap en of ek hom nadoen. Ongemaklik probeer ek so doodluiters as moontlik my posisie verander. Laat sak my hande en probeer onthou om nie my arms te vou nie. Weet nie lekker hoe om nou te sit nie. Weet nie eers waarom hy praat nie.

'n Paar minute later kom ek agter is ons weer elkeen in die selfde posisie. Het hy dit eerste gedoen of ek? Spot hy met my?

Maar dis nog niks. Wat van die ou wat gister hier was en wat, terwyl hy met my praat, herhaaldelik aan sy neus vat. Pleks hy druk liewer daai vet geel puisie uit. Ek kan mos amper nie my hande tuishou as ek so 'n rype sien nie. Wonder wat sal hy sê as ek aanbied?

Hy bly egter liewer karring aan sy neus. So asof hy iets wil uithaal of wegvee. Het ek nie dalk 'n snotjie wat uitsteek nie? Ongemerkt vat-vat ek ook aan my neus, net in geval. Nee daar is niks.

Dan krap hy weer aan sy neus. Nou is ek glad nie meer seker nie. Dan is dit soos die Engelse sê 'game on'. Kort kort en beurtelings word daar aan die neuse gevat en gevryf. Is dit miskien 'n haartjie wat uitsteek? Ek sien steeds niks aan die man se neus verkeerd nie so dit móét iets aan myne wees! Of dink hy nie nou al dalk dis ek wat hóm die boodskap probeer gee nie?

Die regte ding is seker om die onsekerheid op te klaar deur 'n direkte vraag. "Hey, is daar 'n ietsie in jou neus of in myne?"

Jammer mense, dis net so moeilik vir my om vir iemand sy naam te vra ná 'n halfuur se gesels.

Ek wonder net hoe ek hom nou gaan vertel van daai stukkie pietersielie in sy tande. Ek haal 'n tandestokkie uit en begin krap aan my tande, dalk kry hy die boodskap....

Hennie en Annabelle Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

KINDERGEBEDJIE

'n Klein dogtertjie bid een aand: "Jesus dankie vir die kos. Amen."

Haar ma sê: "Maar wat van pappa en mamma?"

Sy bid: "Jesus dankie vir die kos en vir mamma en pappa. Amen."

Ma: "Maar wat van jou boetie en sussie?"

Sy bid: "Jesus dankie vir die kos en vir mamma en pappa en vir boetie en sussie. Amen."

Ma: "En wat van jou klere?"

Sy bid: "Liewe Jesus hou net aan, my ma wil met jou praat..."

Allegaartjie

RUGBYSPELERS

"Daar is nie genieë in rugby nie. 'n Genie is iemand soos Norman Einstein."

-- *Speler van die Chiefs*

"Toe julle in Egipte getoer het, was julle by die piramides?"

"Ons was by so baie klubs, ek kan nie almal se name onthou nie."

-- *Speler van die Hurricanes*

"Hy is die soort wat sesuur soggens opstaan - maak nie saak hoe laat dit is nie."

-- *Een speler oor 'n ander.*

Vrouebestuurders 2009: VYFDE PRYS



Uit die geskiedenis

In die ou dae was Brittanje en Frankryk gedurig in 'n oorlog gewikkel.

In een veldslag het die Franse 'n Engelse kolonel gevange geneem en hom ondervra.

"Waarom dra julle Britse offisiere altyd rooi uniforms? Weet julle nie dit maak julle maklik teikens nie?"

"Ja," sê die Britse offisier, "maar as ons geskiet word, wys die bloed nie, en die soldate wat deur ons gelei word raak nie paniekerig nie."

En dit is hoekom, van daardie dag af tot vandag toe, die Franse offisiere bruin broeke dra.

Kursusse vir vroue

Kommunikasievermoëns I:

Trane - Die laaste uitweg, nie die eerste nie.

Kommunikasievermoëns II:

Leer om te dink voordat jy praat.

Kommunikasievermoëns III:

Kry wat jy wil hê sonder om te kerm.

Veilige motorbestuur:

Dit is 'n vaardigheid wat jy KAN aanleer.

Gevorderde parkering:

Agteruitry in 'n parkeerplek in.

Kookvernuf:

Hoe om nie jou diëte op ander mense af te dwing nie.

GEBRUIKTE MOTORS

Oom Kallie en tant Anna, wat hulle hele lewe lank geboer het, trek na 'n meenthuisie.

Ná 'n maand in die stad sê tant Anna vir oom Kallie: "Ag nee wat, ou Kallie. Ek dink ons moet vir ons 'n klein motortjie koop. Ons kan nie net hier sit nie! Ons moet darem kan rondry en plekke sien!"

Oom Kallie was 'n groot Ford-man, en hy maak toe die koerant oop by die motoseksie. Hy lees "Escort Agency" en skakel sommer dadelik die nommer.

Oom Kallie: "Dagsê dame. Het julle enige Escorts en hoeveel kos hulle?"

Dame: "Ja Meneer, ons het. Hulle wissel tussen so R200 en R250."

Oom Kallie: "Genade, my meisietjie! Wie het hulle so in hulle moer in gery? Is daar nog van hulle wat kan loop?!"

Regtig gesien:

'n Nuwe motor met die registrasienommer

NAGBAG – WP


Dit is, by navraag, 'n seun se geskenk aan sy ma. Sy sê al die vroue dink dis baie snaaks.

OPTIESE ILLUSIE

Is die twee pers lyne parallel, en dus albei reguit?

Die regering se idee van die ekonomie kan só opgesom word: As dit beweeg, belas dit. As dit steeds beweeg, reguleer dit. En as dit ophou beweeg, subsideer dit.

-- *Ronald Reagan (1986)*





Petronella

PRAAT PADLANGS

Ons president loop leer iets in Orania

“Boesmanland, vat my hand dan loop ek en Jacob deur die sand...” So loop Dr. Carel Boshoff en ons president nou die dag deur die strate van Orania. En die president is beïndruk met wat hy sien.

Want die mense werk en hou die strate skoon en die rioolplaas stink nie en daar gebeur so wraggies iets in die dorpie wat deur als verlate is. En wat dink julle sou hy daaruit leer?

Hopelik meer as die jongeling wat weer die hele land aan die mor en grom het. Julius weet net hoe om 'n Boer verkeerd op te vryf. Vra ek myself die vraag oor hoekom ons dan nou so te kere gaan as die stomme (k)aap sy mond oopmaak. Hy doen skade aan die ekonomie, aan goeie menseverhoudings en sommer nog 'n hele ander klomp dinge waaraan die res van ons hard werk ook.

Die voorsitter van die nasionale ouer-onderwysersvereniging het die leemte wat in ons land onder die jong mense bestaan so mooi raakgevat in 'n radio-onderhoud nou die oggend.

Seg hy oor die feit dat daar kommer bestaan oor die slaagsyfer van die matrieks ná die Wêreldbeker-sokkertoernooi en toe nog so vir die lekkerkry 'n twee week lange staking deur die onderwysers ook.

Hy glo nie dat die ekstra week wat die onderwysdepartement in die Septembervakansie wil inwerk gaan help om 11 jaar se slap lê om te swaai nie. Hoe waar is dit nie.

As jy in 11 jaar nie geleer het om jouself te leer nie gaan 7 dae voor die eindeksamen jou nie veel help nie. Veral nie as jy moet leer met die hulp van onderwysers wat in die eerste plek nie veel trots in hul beroep gehad het nie.

Maar alles hier duskant is nie net slegte nuus nie. Ons misdaadsyfers is aan 't die afneem. Dis nou as ons die hoof van die polisie kan glo. Kan ons? As die man kan lieg oor 'n kontrak van oor die 7 miljoen rand kan hy seker lieg oor die moord op byna 2000 Suid-Afrikaners ook.

Hier loop hoeka nou ook 'n storie rond oor hoe voortreflik ons polisiemag is: In 85% van die misdaadgevalle is hulle glo voor die misdaad gepleeg word al op die toneel. Darem net 'n grappie, maar wat seg die Ingelse van *a true word spoken in jest*?

Die president van die Reserwebank is 'n toonbeeld van die tipe van leier wat ons nodig het om die korrupte spul vas te vat.

Sy het haar feite oor 'n verlaagde rentekoers genoem, die rigting wat sy van plan is om in te stap aangedui en nie verskoning gevra vir dit wat sy, duidelik deur 'n goed ingeligte span adviseurs bygestaan, reken gedoen moet word om te verseker dat ons ekonomie steeds een van die bestes op die vasteland sal bly nie.

'n Vrou met murg in haar pype. Dê, ek wens ons het meer van haar in die parlement gehad.

Maar daar sit ons minister in beheer van die weermag en wat doen sy? Speel *hard to get* woordtennis in die kabinet en pers. Had sy maar die vermoë van 'n Zille of 'n De Lille. Geen wonder die staandemag is nou die spreekwoordelike swak skakel nie. Dreig al weer om te staak. Wonder nogal wat gaan hulle staak om te doen. Hulle doen niks, nie opleiding nie, nie oorlogvoering nie en ook nie eens gemeenskapsdienste nie. Sies man!

In die vermaaklikheidswêreld is dinge ook besig om van die een uiterste na die ander te swaai. Binnekort 'n film geskoei op die ervaringe van onse middeljarige Steve.

Sy gekafoefel, suksesse en mislukkings en al die ander lekker dinge wat hy al beleef het op die silwerdoek vasgevang.

Rudi Claase se geheim uit op die voorblad van die volksbybel. Asof die meeste van ons nie al lankal vermoed het nie.

En niksseggende Gareth Cliff wat vir ons wil kom vertel dat ons vir kleur eerder as vir talent moet stem in die Idols-kompetisie. Die man weet seker nie in wie se hande die meeste selfone in die land is nie.



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

KOOS OP DIE EILAND

Koos sit al jare lank op 'n eiland gestrand. Op 'n dag verskyn 'n beeldskone, wulpsse blondine in 'n duikpak op die strand.

Sy vra vir hom wanneer laas hy gerook het.

"Jare gelede," antwoord hy. Glimlaggend haal sy 'n pakkie sigarette uit haar duikpak.

"Wanneer laas het jy ietsie gedrink?" vra sy toe.

"Dekades gelede," antwoord hy gretig.

Met dié glimlag sy verleidelik en haal 'n bottel brandewyn uit haar duikpak.

En net daar trek sy die ritssluiters van die pak af en fluister in 'n hees, verleidelike stem:

"En wanneer laas het jy 'n bietjie gespeel?"

Koos, heeltemal oorbluf:

"Moenie vir my sê jy het ook 'n stel gholfstokke daar onder jou duikpak nie?"

D ... die ... k.a.t ... kat in die ...



Aag, bogger dit.
Ek word sommer 'n stripper.

VALS HOOP

Die man was al moedeloos gewag vir 'n oop plek in die parkeergarage toe hy skielik 'n man en 'n meisie sien stap.

"Haai!" skree hy hoopvol. "Gaan julle uit?"

"Nee," sê die man, "ons is sommer net goeie vriende."

SPYKERS

Blondie loop by die hardwarewinkel in.

Blondie: "Ek wil spykers hê."

Verkoopsman: "Hoe lank wil jy hulle hê?"

Blondie: "Kan ek hulle nie maar vir altyd kry nie?"

VERLOORDER

"Waar is jou broer?" vra die pa ná werk vir Jannie.

"In die hospitaal."

"Hoekom?" vra die pa ontsteld.

"Omdat ons gewed het."

"Gewed? Hoe kan 'n weddery hom in die hospitaal laat beland?"

"Ons het gekyk wie kan die verste by die venster uitloer. Hy het gewen."

SPEURTOETS

Drie meisies doen aansoek om speurder te word en ondergaan die toets.

Die toetsers toon aan elkeen dieselfde foto, en vra: "Wat is vir jou baie opmerklik van hierdie verdagte – iets soos 'n moesie, geboortemerk, letsel, wat ook al?"

Nommer een bekijk die foto en sê: "Die man het net een oog."

Toetsers: "Dis in profielfoto. Natuurlik sal jy net een oog sien!" Hy wys die foto vir nommer twee, wat sê die man het net een oor.

Toetsers: "Dis 'n profielfoto – hoe kan jy met sekerheid sê hy het net een oor?"

Die derde kandidaat is 'n blondine. Sy bekijk die foto en sê: "Hy dra kontaklense."

Die toetsers is heel oorbluf, raadpleeg sy notas en sien die man dra inderdaad kontaklense.

Toetsers: "Jy is reg. Maar hoe het jy dit geweet?"

Blondine: "Dis maklik. 'n Man wat net een oor het, kan nie 'n bril dra nie, kan hy?"

ANDY CAPP deur Smythe





Duskantlander in Anderkantland

Belgiese stede: Brugge en Knokke

Deur **REINDERD VISSER**

Elke keer wanneer ek in Antwerpen tuis gekom het na 'n ekskursie, het die Vlaminge my gevra: "Bent je naar Brugge geweest?"

Een dag kon ek wel ja antwoord. "En hoe was het?"

Ja, hoe was dit? Die Vlaminge het die verwagting geskep dat Brugge die beste voorbeeld van antieke België is met pragtige, outydse argitektuur. Hulle is reg, dit is 'n ou stad, met pragtige ou geboue, maar soos ek in die vorige artikeltjie genoem het, het ek 'n stad soos Gent meer outentiek gevind.

Moenie my verkeerd verstaan nie, ek het van my grootste hoogtepunte daar ervaar, so dit was nie 'n teleurstelling nie, ek het dalk net meer van die argitektuur verwag.

My hoogtepunte? Ek het byvoorbeeld in deel 1 genoem dat ek die *Madonna en Kind*, 'n beeldhouwerk van Michelangelo, hier raakgeloop het – dit was beslis iets wat ek nie gou sal vergeet nie. En dan – kant.

Voor my besoek aan België het ek niks van kant geweet nie, en dit het my besoek aan die kantomuseum baie spesiaal gemaak! 'n Ou tannie was besig om 'n kant-lappie te klos en ek het in my lewe nog nooit so iets gesien nie – voor haar lê tientalle tolletjies met garing wat sy teen die spoed van lig oormekaar gooi, met die fynste lappie wat daaruit groei!

Nou verstaan ek ook hoekom kant so duur is.

Het jy al van Knokke gehoor? Ek het vir die eerste maal een aand met 'n kenmeekaar tydens een van my toere in Suid-Afrika daarmee kennis gemaak. Die Vlaamse gaste moes vir mekaar sê waar hulle vandaan kom, en een het gesê hy en sy vrou is van Knokke.

Daar het skielik so 'n eerbiedige stilte oor die res van groep neergedaal, want, moes ek eenkant van een van die gaste uitvind, Knokke is waar die rykstes onder die rykes woon.

België se kuslyn is net 66 km lank (jy het reg gelees), met die gevolg dat daar vir feitlik die volle lengte daarvan hoë woonstelblokke is – almal soek 'n plekkie in die son.

Nie by Knokke nie, of dan, 'n groot deel daarvan. Hier vind jy in die plek van woonstelblokke yslike villas op groot stukke grond, teen reuse-pryse. Ek noem dit die Plettenbergbaai van België.

En vandag kan ek sê ek het deur Knokke gefiets. Anders as die ander net eenvoudig luuksheid ervaar.


Die winkels in die hoofstraat verkoop net die top-produkte van die groot modehuise ter wêreld, en moenie dink jy gaan goedkoop parfuum of horlosies iewers kry nie!

Ons het ook noord van die dorp deur 'n klein reservaat, wat pragtig moet wees in die somer (alles is mos blaarloos in die winter), fietsgery.

Een deel van die pad langs die kus was van sement – blykbaar deur die Duitsers in die Tweede Wêreldoorlog aan-gelê, vir maklike beweging van hul tenks.

Ek kan hierdie reeksie oor stede en dorpe nog veel langer uitrek, maar ek sal plekke soos Diest, Kortrijk, Brasschaat, St. Niklaas en Wilrijk in die res van my verhaaltjies inwerk. Wat dan van Brussel? Al was ek vir vyf dae betrokke by die hoofstad se vakansie-ekspo, was daar net nie tyd om die stad self te bekyk nie. Hopelik is daar 'n volgende keer.

Daar is sekerlik nog ouer stede in Europa en Engeland, maar dié in Vlaandere (behalwe Knokke, natuurlik) is van die oudstes wat ek kon besoek, en hulle was indrukwekkend genoeg. Neem in ag dat die oudste Westerse gebou in Suid-Afrika wat nog staan (die Kasteel in Kaapstad) so laat as 1669 voltooi is, dan verstaan jy dalk hoekom!



WENKE vir dom Vrystaters wat GAUTENG toe kom

- Koerantverkopertjies by robotte het nooit R 1.25 kleingeld nie, en 'n Beeld kos jou gevolglik R 5.00 en nie R 3.75 nie.
- Sommige koerantverkopertjies het inderdaad kleingeld, maar kry dit nie in die hande alvorens die robotlig vir ou groen word nie.
- Die mediese onkoste as gevolg van die aanranding deur die Isuzu-bestuurder agter jou, verblind deur padwoede, sal na alle waarskynlikheid meer wees as die kleingeld waarvoor jy gewag het.
- Moenie 'n Son by 'n robot koop nie. Op enige gegewe tyd sal ds. en mevrou ds. van die NG gemeente Waterkloof agter jou stilhou en dink jy's 'n pervert. Reël met die Son-verkoper dat hy vir 50c vir jou bl. 3 se tieties wys. Sit jou donkerbril op, maak of jy dit nie sien nie, en laat val die 50c in die pad voor jy ry. Kry hom die daaropvolgende week, selfde tyd, selfde plek.
- Ek glo daar is geen verskil tussen kraanwater en gebottelde water nie. Volgens die petroljoggies by Shell Midrand is daar ook geen verskil tussen Loodvry en LRP nie. (Sorg gevolglik dat jy buite reikafstand van die dieselpomp se pyp stilhou. Ten minste by Shell Midrand, in elk geval.)
- Daar is geen verskil tussen McDonalds se take-away koffie en 'n urinemonster nie. Behalwe dat die urinemonster se koppie groter is. Sie-rie-has.
- Daar is meer klerehangers in Gauteng te koop as klere.
- Enige plek in Sunnyside ruik op enige tyd van die dag na piepie.
- Fidelity Guards se transito-voertuie ry in konvooi van 10 met 'n verbysterde skietlustige personeel van 200, met 'n gesamentlike IK van 200 en meer skietgoed as die SAW destyds in Angola.
- Die swartmotor-konvooi wat jou teen 180 km/h met flitsende blou ligte op die Ben Schoeman van die pad af druk, is verseker die staatspresident. Hy ry kar want sy vier vroue en haar familie skuur gat met sy vliegtuig.
- NetCare 911 se telefoonnommer is nie 9-1-1 nie.
- Alle 4x4's in Gauteng het 'n vierkantige plakker met 'n geel driehoek op die neus, wat verpligtend in Mosambiek is. Sommiges was in Mosambiek. Sommiges wil Mosambiek toe gaan. Die meeste wonder waar Mosambiek is.
- Jy kan naby die Hans Strijdom-aansluiting 'n Porsche met enige kar wegry. Linkerbaan 14km/h, middelbaan 17km/h en regterbaan 18 km/h. Enige tyd van die dag. Sorg net dat jy in die regterbaan is.
- 'n BMW verander jou egter nie in 'n d**s nie. Jy is reeds een voor jy inklim. As daar regtig nie hoop vir jou is nie, ry jy 'n 530d. Lees dit onderstebo as jy weer agter een ry, en moenie jou kar omdonder van die lag nie.
- Moet op geen plek in jou neus krap nie. Jy is op enige gegewe tyd op ten minste 3 CCTV kameras, en moenie vergeet van NI se satelliet nie.
- Hardegat Afrikaanse mense praat gebroke Engels met mekaar in swaar Afrikaanse aksente.
- Moenie onder geen omstandighede vir die Metropolielid in 'n padblokkade jou nuwe Fokopolisiekar CD wys nie.
- Al ry jy 'n oranje kar met 'n SABS-goedgekeurde Cheetah-logo op jou Vrystaatse nommerplaat, sal drie straatsmouse steeds gelyk Blou Bul pette by die robot van die Menlyn-sentrum aan jou probeer verkoop. Hulle is onwettige immigrante, want hulle verstaan nie die woord 'F-KOF' nie.
- **Ingestuur deur Thea van Rensburg**



MAXINE

Die verskil tussen die pous en jou baas is dat die pous net wil hê jy moet sy ring soen.



SIMBOLIEK VAN DIE SA VLAG

Het jy al gewonder hoekom die rooi bo-aan die SA vlag is en nie die blou nie?

Rooi is die son se kleur, daarom is dit bo. **Blou** is onder, want dis die see, nie die lug nie. Die **groen** is die mielievelde. Die **swart** is die meerderheid. **Geel** is die kragdraad wat die meerderheid van die mielies af weghou.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur **RETHA KRUGERS**

Lekker poedings

Soos verlede keer wil ek vandag nog 'n paar variasies van die volgende gunsteling weergee: BROOD-POEDING en SAGO-POEDING.

Goue brood en botterpoeding

4 koppies broodkruummels 4 koppies melk
4 eiers, wit en geel geskei 2 eetlepels botter
appelkooskonfyt 1 koppie suiker
1 teelepel kaneel ½ teelepel sout
4 eetlepels suiker

Klits die geel van eiers en voeg suiker, melk, sout en kaneel by. Gooi melkmengsel oor brood in 'n gesmeerde vuurvaste bakskottel. Sit klein blokkies botter bo-op. Bak in 'n matige oond (180C) tot ligbruin. Haal uit. Smeer appelkooskonfyt liggies bo-op. Klop die wit van eiers styf met 4 eetlepels suiker en smeer oor die konfyt. Bak dit weer in 'n matige oond tot die skuim bo-op goudbruin is. Bedien warm met vla.

Brood-en-botterpoeding

10 snye wit brood, korsies afgesny en in groot blokke gesny.
½ (125 ml) koppie suiker
3 eetl. botter
4 k (1 liter) melk
4 eiers

Pak blokke brood in 'n gesmeerde vuurvaste bak en strooi die suiker bo-oor. Smelt die botter in die melk. Klop die eiers goed en voeg die melt-en-bottermengsel daarby. Roer goed deur.

Gooi melkmengsel oor die brood en laat week vir sowat vyf minute. Bak vir 40min op 180° (tot gestol). Intussen, maak die bolaag:

1 k (250 ml) botter
2 k suiker
2 eiers

2 tl. vanilla-geursel

Gebruik 'n elek menger (of voedselverwerker) en meng die botter en suiker tot goed gemeng. Voeg die eiers een vir een by. Klop tot romerig. Voeg vanilla-geursel by. Smeer oor die gebakte poeding sodra dit uit die oond kom. Werk vinnig want die smeer smelt. Plaas terug in oond en bak vir 'n verdere 20 min teen 180°. Bedien met vla indien verkies.

Koninginspoeding

1 lb broodkruummels, meng met geel van 4 eiers
3 lepels witsuiker
1 koppie melk
15 druppels lemoenessens

Meng alles goed. Bak in skottel tot mooi ligbruin. Haal uit en smeer marmalade oor. Klop dan die wit van die 4 eiers tot skuim en sit bo op die marmelade. Sit die poeding weer in die oond totdat dit styf is, nie bruin nie.

Sagopoeding

750ml melk
125ml sago
15ml margarien
knypie sout
75ml witsuiker
50ml appelkooskonfyt
6 ekstra-groot eiers

Verhit die melk, sago, margarien en sout in 'n dikboomkastrol tot kookpunt. Stel die hitte laer en prut die mengsel totdat die sago deurskynend is. Roer gereeld. Voorverhit die oond tot 200C en plaas 'n pan met kookwater op die onderste oondrak. Smeer 'n oondvaste bak van 25x15x5 cm. Klits die witsuiker, appelkooskonfyt en eiers goed saam. Voeg dit by die sagemengsel en meng goed. Giet die mengsel in die bak. Bak die poeding 25-30 minute tot goudbruin en gaar. Sit dit loutwarm voor met vla.

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom

Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

ANDERSON tdswanepoel@vodamail.co.za

Ek soek die Anderson-familiewapen. Al wat ek weet is dat Fred Anderson na Suid-Afrika verhuis het. Ek dink hy is 1902 of 1907 gebore. Ek was met sy seun Bertie Fred Anderson getroud. Gebore 30 Julie 1946, oorlede 3 Des. 1980 in Ladysmith. My kinders soek hulle pa se stamboom.

(Maklik: Tik 'anderson coat of arms' op Google se soekenjin. Hy's daar. Google se adres is www.google.com Daar is omtrent niks wat jy nie op Google kan kry nie. - Hennie.)

BASSON karenra@absa.co.za

My oupagrootjie was Christoffel Basson en hy het die "rooi" os gemaak wat in Riebeek-Kasteel staan. Enige inligting sal welkom wees.

DE WITT hekx@hotmail.com

Het enigiemand inligting oor August Johan de Witt *07-1850 in Rivirsdal, Kaap x met Maria Catharina Jacoba Bezuidenhout xx Elizabeth de Lange. Kinders: Simon Jurgens de Witt *1903; Maria Vatharina de Witt *1905; John Henry de Witt *1906; Maria Magdalena de Witt *1908; Johanna Marthina de Witt *1910.

LATEGAN lategan.b@live.com

Ek is Bruce Chris Lategan. My pa was Gert, ek is op soek na my stamboom wat begin by Johann Herman wat in 1735 Suid-Afrika toe gekom het van Billmerich-Wesfale en getroud was met Beatrix Olivier.

OSBORNE emcretic@telkomsa.net

Ek is 'n kleindogter van Bram Jacobus Osborne van Nababeep in Namakwaland. Hy het vir die destydse OCC-myn gewerk, so ook sy oupa en pa. Sy oupa en pa het van Engeland gekom om in die myn te werk. Enigiemand met inligting kan my kontak. Ek sal dit verskriklik waardeer.

VAN REEDE dingo2@mweb.co.za

Kan enige iemand my help met die stamboom van die Van Reedes van Oudtshoorn?



Liewe Lena

Jy het vir 'n vrou wie se man alle belangstelling in seks verloor het gesê hy moet 'n dokter gaan spreek. Wel, my man is dieselfde, en hy is 'n dokter.



Suid-Afrikaanse Uitvindingsels (3) Speedgun

Die spoedmeter wat in 1999 by die Oval in Engeland in gebruik geneem was, is in 1992 deur Henri Johnson van Somerset-Wes ontwikkel. Dit meet die spoed en invalshoeke van objekte soos krieket- en tennisballe.

Ons Vreemde Wêreld

Gewilde kindername sedert selfone algemeen geraak het:

1. Network Madondo
2. Subscriber Zulu
3. Nokia Khumalo
4. Siemens Mdlalose
5. Motorola Buthelezi
6. Dial Magubane
7. Vodacom Mkhize
8. Call Later Ndlovu
9. Voicemail Ngobese
10. Simcard Makhathini

Nie te slim nie

Uit 'n amptelike evaluasieverlag van amptenare:

1. Ek sal hierdie werker nie toelaat om kinders te kry nie.
2. Sy maak net haar mond oop om voete te ruil.
3. Hy stel baie lae standarde en behaal hulle nooit nie.
4. Hierdie werker kan ver gaan, en hoe gouer, hoe beter.
5. Hy het nie maagsere nie, maar hy slaag tog daarin om hulle te versprei.
6. Hy verskaf groot vreugde as hy die vertrek verlaat.

AGTEROS

My oupa het 'n plot (1) Gian se bederfkar

"Toe hulle die draai vat by die onderpunt van die nat landerye, daar waar die fisante altyd wei, toe sit die nat sweetkol al tussen Oupa se blaaië..."

Deur JO' VAN TONDER

Toe die eerste kleinseun in die familie sy opwagting maak, het die standaard opgewondenheid geheers. En die standaard ophef. En die standaard bederf. Dis mos standaard. Dis mos hoe ons dit almal doen. Dis hoe Oupas en Oumas dit moet doen. As jy nie kleinkinderstot in die kleigrond in kan bederf nie, is jy nie die titel Oupa of Ouma werd nie!

Daar word vir hom 'n bloedrooi kaskar gebou. Eintlik 'n stootkar. Ek skat die ryding is so twee meter lank, plus die *bonnet* en die sitplek is so 'n meter of wat breed. Daar is 'n regte stuurwiel met 'n ordentlike, ongepatenteerde stuurmeganisme. En 'n battery wat die hoofligte en die radio laat werk. Jakaranda-stereo vang goed op.

Genoeg plek vir 'n klein medepassassier, maar nie vir een wat wil karring aan die knoppies en odometers op die *dashboard* nie.

Nou die dag toe ons daar was, het die drie teddiebere mooi stil en gehoorsaam in die houtkot bly lê. Sussie het ook bietjie bestuur. Daar's remme en ander pedale ook, as ek reg onthou. En kantspieëltjies. En rooi en wit weerkaatsers. Ek kan nie meer lekker onthou nie, maar ek verbeel my Oupa het gesê dat hy hy die ding só ontwerp het dat 'n mens hom eendag maklik kan verander na 'n *go-kart*, maar ek luister soos 'n vroumens...

Wat Gian betref, kan hierdie rooi gevaarte van hom alles doen wat sy oupa se rooi Suzuki kan doen. Hy weet dat g'n sandduin of boendoe-sloot of growwe gruispad 'n probleem is nie. Sy rooi kar het ordentlike *all terrain*-bande op.

Net, die enjin is man-aangedrewe. Oupa Frik-aangedrewe. Hy wil mos die ding gaan staat en bou. Hy het lank daarvoor geslaap en toe tog maar ingegee aan die bou-begeerte. Want met mannekrag in die tenk, kan jy seker maak die klein waaghals sal nie in die strate in foeter of iewers teen 'n kuiergas se blink ryding indinges nie. Ek verstaan nie heeltemal die hoeveelheid perdekrags of die wringkrags van enjins nie, dis mos maar mansgoed.

Ek wonder so stilletjies of hy nie een dalk van die dae 'n twee meter by een meter-pophuis vir die bekkige sussie gaan bou nie. Die Oupa-bederfing, julle weet... Een met fyn pienk geblomde muurpapier en regte ligskakelaars en lampskermies met frilletjies en kant en 'n spierwit bad, waar regte water uitloop as jy die piepklein kraantjies oopdraai, en gordyntjies met girts-goed sodat mens die kamers kan herdekoreer en die meubels kan rondskuif en so aan...

So tussen die kaskar se storievertellery deur, hoor ek toe: Daar is al een! Die huis is pienk en ligte pers, het liggies in en daar's meubels vir elke vertrek. Ook vir die kombuis is daar meubels: uitgerus met stoof, koppies en pierings. Oupas en Ouma wat hul titels waardig is...

Die nommerplaat voorop sê in swart-op-gloeigeel: GIAN.

Die pad dammetjie se kant toe, al langs die linkerkantste lyndraad van die plot af, is maklik, dis die trekkepaadjie, en dis afdraand. Maar dis die teruggaan huis toe waarmee 'n mens begin sukkel. Dis ook nou al vyf jaar terug dat hy die rooi gebokste aanmekaar getimmer het.

Oupa is vyf jaar ouer en Gian is vyf jaar waaghalsiger. Miskien is dit amper tyd om die mannekrag na regte perdekrags te verander. Hy sal weer 'n bietjie moet slaap daarvoor.

Toe hulle die draai vat by die onderpunt van die nat landerye, daar waar die fisante altyd wei, toe sit die nat sweetkol al tussen Oupa se blaaië. Fyn straaltjies salpeterdruppels loop onder die visvangpet, teen sy bleskop tot af in sy nek af, en die res is spatsels vonke in sy oë.

Hy kom nie meer elke dag in die ZoZo-hut om te oefen nie, die plot hou mens nogal besig, en buitendien, die oefenapparate is effens toegepak onder al die kinderspeel-

goed... Maar Gian sê opgewonde: "Oupa, kom ons vat sommer kortpad hier deur die aarbeiland op pad huis toe, net so langs die ry mielies verby."

Oupa Frik kyk nie eers op nie, hang net eers so bietjie teen die gatkant van die kar om sy oumansasem terug te kry. Hy is dankbaar dat hy darem nog elke dag die trapfiets vat en so twintig kilometers al deur die plotpaadjies ry, anders was hy lankal poegaai.

Hy bly al langer as tien jaar op hierdie plot. Hy het elke rooi kleisooi self geploeg. Hy trek elke jaar self bossies uit tussen die rye en rye aarbeie en soetrissies en mielies en pampoene.

Hy weet tree-vir-tree en asem-vir-asem hoe ver dit is terug huis toe. En hy weet hoe nat is die laatnagreën se klei. En hy weet definitief die 'kortpad-*bundu-bashing*-ding' is definitief nie 'n goeie idee nie.

"Nee... man... Gi-h-an... Oupa is a-hal... bietjie moeg en ons gaan definitief daar innie... middel van die land in die modder va sit... die grys trekkertjie het nou die dag net da-haar vasgeval..."

Kinders glo aan wonderwerke, meisiekinders leef hulle in fantasieboeke in, en seunskinders glo dat hulle Pa's die slimste is, maar dat hulle Oupa se kennis en vermoëns net so 'n rapsie minder is as Liewe Jesus s'n.

"Dis oukei, Oupa, as ons begin sukkel, dan sit ons hom net in fô-baai-fô!"

**KAMMANUUS 290 hou hier op.
Jy kan maar kyk – daar is niks meer nie.**